

Dinsdag 23 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 16:5-13

Fokusgedeelte: Johannes 16:7

Hemelvaart: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan

Jesus was besig om sy dissipels vir oulaas te onderrig voor sy kruisiging en hemelvaart. Hy vertel dat Hy die Heilige Gees sal stuur om sy werk op aarde voort te sit – en dit tot hulle voordeel, as deel van God se verlossingsplan vir die mens. Die Heilige Gees sou gelowiges bystaan en lei om die donker kolle in hulle geloofsverstaan op te helder. Met Jesus se hemelvaart sou Hy dus nie sy kinders alleen agterlaat nie, maar sy Heilige Gees ... die Trooster of Helper ... na hulle toe stuur.

Watter voordeel hou dit vir sy kerk op aarde in?

- Die Gees oortuig sy uitverkore kinders van sonde (vs 9) ... om hulle verloretheid sonder Jesus Christus te erken en te bely.
- Die Gees oortuig van geregtigheid (vs 10) ... dat alleen Jesus Christus, die sondelose Middelaar, gedoen het wat reg was voor God deur vir ons sondes te betaal. Buite Hom is daar geen saligheid nie.
- Die Gees het Christus se werk op aarde kom voortsit en bring alles uiteindelik tot die finale hoogtepunt ... tot die *eindoordeel* wat verseker kom (vs 11).
- Die Gees lei gelowiges ook in die hele/volle waarheid van God (vs 13) ... in God se openbaring volgens die rykdom van sy Woord.
- Die Gees verkondig ook die toekomstige dinge aan sy kinders (vs 13). Hy sou die dissipels lei om die betekenis van Jesus se hemelvaart te kon begryp.
- Die Gees is Self ook waarlik God, wat by sy kinders op aarde is.

Nie 'n oomblik is gelowiges sonder die genadevolle, liefdevolle sorg en bystand van die Heilige Gees (van God Self) nie. Wat 'n grootse en wonder-like werklikheid waarmee ons kan lewe!

Sing: Psalm 25:2 (1936)

Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)